



Finansies Beleid: Navorsingskostepunte: tipes en befondsing

Tipe dokument:	Beleid
Doel van die beleid:	Die beleid verskaf inligting rakende die verskillende tipes navorsingskostepunte en die befondsing van die navorsingskostepunte, asook die inkomsterekening van toepassing op navorsingskostepunte.
Goedgekeur deur:	US Raad
Goedkeuringsdatum:	5/4/2009
Implementeringsdatum:	2009
Datum van volgende Hersiening:	Soos nodig
Datum(s) van vorige Hersienings:	Geen
Beleideienaar¹:	Uitvoerende Bedryfshoof
Beleidkurator²:	Hoofdirekteur: Finansies
Sleutelwoorde:	Navorsingskostepunt, Inkomsterekening
Geldende Weergawe:	Ingeval van geskille ten opsigte van interpretasie, word die Engelse weergawe van hierdie beleid as die geldende weergawe aanvaar.

US Beleide is beskikbaar by www.sun.ac.za/policies

¹ Beleideienaar: Hoof(de) van Verantwoordelikeheidsentrum waarbinne die beleid funksioneer.

² Beleidkurator: Administratiewe hoof van die afdeling verantwoordelik vir die implementering en instandhouding van die beleid.

6.1

NAVORSINGSKOSTEPUNTE (TIPES EN BEFONDSING)

Bestek: Die beleid verskaf inligting rakende die verskillende tipes navorsingskostepunte en die befondsing van die navorsingskostepunte, asook die inkomsterekening van toepassing op die navorsingskostepunte.

Beleid:

ALGEMEEN

Daar kan onderskei word tussen navorsingskostepunte op grond van befondsing. Indien so 'n onderskeid toegepas word binne die Universiteitsomgewing kan die volgende kategorieë geïdentifiseer word, elkeen met sy inkomsterekening.

KONTRAKNAVORSING/OPDRAGNAVORSING

Volgens algemeen aanvaarde korporatiewe bestuurs- en ouditbeginsels, word vanaf 1 Februarie 2007 vereis dat 'n unieke kostepunt vir elke navorsingskontrak met finansiële implikasies geskep word. Die reëling is deur die Universiteit se Finansieskomitee goedgekeur. In so 'n kostepunt kan die projekte verbandhoudend tot die spesifieke navorsingskontrak hanteer word. Na afloop van 'n navorsingskontrak word die kostepunt gesluit.

Inkomsterekening van toepassing op die kostepunte:

Reknr	Beskrywing		Identifikasie	BTW
5267	Departement van Waterwese en Bosbou	DWAF	DWAF inkomste.	BTW word gehef
5270	Departement van Wetenskap en Tegnologie	DST	DST inkomste.	BTW % word bepaal nav kontrak
5287	Suid Afrikaanse Mediese Navorsingsraad	MNR	MNR inkomste	BTW word gehef
5307	Waternavorsingskommissie	WNK	WNK inkomste.	BTW word gehef
5373	Harry en Doris Crossley Stigting	HCF DCF	Skenkings van HCF & DCF ontvang.	Vrygestel
5413	Opdragnavorsing Binnelands		Fondse ontvang vir kontraknavorsing	BTW word gehef
5413	Proteïen navorsingstigting	PNT	PNT inkomste	BTW word gehef
5540	Wellcome Trust		Wellcome Trust inkomste	Vrygestel
5590	Europese Befondsing	EU	Europese Unie finansiering	Vrygestel
5592	Buitelandse inkomste		Fondse ontvang van die buiteland vir die maak van nie-belastbare lewerings. Uitgesluit inkomste wat tuishoort onder 5777 (konferensies), 5387 (beurse) en 5373 (skenkings).	Vrygestel
5598	Buitelandse inkomste		Fondse ontvang vanaf die buiteland.	Vrygestel
5606	South Africa-Netherlands Research Programme on Alternatives in Development	SANPAD	Fondse ontvang van SANPAD. Die navorsingsprogram word deur die Nederlandse Ministry of Foreign Affairs befonds.	Vrygestel

ALGEMENE NAVORSINGSKOSTEPUNTE

Die tipe navorsingskostepunte is baie algemeen binne die Universiteitsomgewing en word befonds deur verskeie instansies (alle instansies uitgesluit die ander kategorieë onder genoem).

Inkomsterekening van toepassing op die kostepunte:

Reknr	Beskrywing	Identifikasie	BTW
5373	Skenkings	Skenkings ontvang vanaf buite instansies of persone.	Vrygestel
5387	Beurs inkomste	Fondse ontvang vir die uitbetaling van beurse.	Vrygestel
5388	Borgskap inkomste	Borgskappe word teen hierdie inkomsterekening inbetaal.	BTW word gehef
5415	Verkope nulkoers	Fondse verkry uit die verkoop van vrygestelde produkte (meestal landbouprodukte).	Vrygestel
5592	Buitelandse inkomste	Fondse ontvang van die buiteland vir die maak van nie-belasbare lewerings. Uitgesluit inkomste wat tuis behoort onder 5777 (konferensies), 5387 (beurse) of 5373 (skenkings).	Vrygestel
5597	Diverse inkomste (Belasbaar)	Fondse verkry vir dienste gelewer, goedere gelewer en enige ander navorsing gedoen word teen die inkomsterekening inbetaal.	BTW word gehef
5598	Buitelandse inkomste	Fondse ontvang vanaf die buiteland.	Vrygestel

KONGRESSE, SEMINARE en WERKSWINKELS

'n R-kostepunt word geskep vir wanneer 'n departement 'n werkswinkel, seminar of kongres aanbied.

Inkomsterekening van toepassing op die kostepunte:

Reknr	Beskrywing	Identifikasie	BTW
5388	Borgskap inkomste	Inbetaling van borgskappe byvoorbeeld 'n instansie borg die kongres.	BTW word gehef
5777	Opknappingskursusse	Alle registrasiegelde betaal deur buite partye word teen die inkomsterekening inbetaal.	Vrygestel

NRF

Slegs inkomste van die NRF mag op die kostepunte inbetaal word. Die allokasie van fondse na die kostepunte word deur die NRF Rekenmeester by Finansiële Dienste gedoen.

Inkomsterekening van toepassing op die kostepunte:

Reknr	Beskrywing	Identifikasie	BTW
5284	NRF inkomste Beurse	Inkomste ontvang vanaf die NRF ten opsigte van beurse.	Vrygestel
5285	NRF inkomste:	Inkomste ontvang vanaf die NRF.	Vrygestel

NRF THRIP

Slegs inkomste van die NRF mag op die kostepunte inbetaal word. Die allokasie van fondse na die kostepunte word deur die NRF Rekenmeester by Finansiële Dienste gedoen.

Inkomsterekening van toepassing op die kostepunte:

Reknr	Beskrywing	Identifikasie	BTW
5286	NRF THRIP inkomste	Inkomste ontvang vanaf die NRF.	Vrygestel

C - FONDSE (REKTORSTOEKENNING VIR VOORTREFLIKE NAVORSING)

Elke persoon wat 'n toekenning ontvang vanaf die Rektor vir voortreflike navorsing, word 'n C-kostepunt voor geskep. Die toekenning word deur Finansiële Dienste oorgedra na die persoon se C-kostepunt.

Geen inkomste mag teen C-kostepunte inbetaal word nie.

K - FONDSE

Elke persoon wat 'n toekenning ontvang vanaf die Subkomitees A, B of C, word 'n K-kostepunt voor geskep. Die toekenning word deur Finansiële Dienste oorgedra na die persoon se K-kostepunt.

Geen inkomste mag teen K-kostepunte inbetaal word nie.

S - FONDSE (SOS PUBLIKASIEFONDSE)

Elke omgewing wat 'n toekenning ontvang vanaf die Subkomitees A, B of C, word 'n S-kostepunt voor geskep. Die toekenning word deur Finansiële Dienste oorgedra na die omgewing se S-kostepunt.

Geen inkomste mag teen S-kostepunte inbetaal word nie.

Kontak afdeling:
Finansiële Dienste